



Waarheen deur God se Gees?

"Ek sal my Gees uitstort op al die mense en julle sal as profete optree"

Agtergrond

Ons kan die eerste drie aflewerings in ons Joël reeks met drie vroe vasvat:

1. **Joël 1:1-14** Waar is God in my pyn?
2. **Joël 2:12-27** Waar is God in my oorvloed?
3. **Joël 2:28-32** Wat laat die Gees van God my droom en profeteer?

Na al die verwoesting, lyding en vernietiging waarvan ons lees in Joël 1 en 2 reageer God se volk op sy roepstem. Hulle skeur hul harte in berou voor Hom. God word diep geraak hierdeur en Hy bring 'n belofte van genade (2:18) en herstel (2:25): "Julle sal weer oorgenoeg hê." In vandag se teks (Joël 2:28-32) kry ons die eerste van drie gedigte waar Joël vir ons 'n hoopvolle prentjie skets van wat voorlê – dat God nie 'weg' is nie, maar teenwoordig is. En dat hierdie teenwoordigheid al meer sigbaar gaan raak deur die uitstorting van sy Gees.

Bewegings van die Gees in die Bybel

- Eers die **verlange**. Moses verlang dat nie net sommige nie, maar álmal vervul sal

word deur die Gees: "Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was en dat Hy sy Gees op almal mag lê." (Num 11:29)

- Dan die **belofte**. Die Gees van God sal op alle mense uitgestort word, jonk en oud, mans en vroue, slaaf en vry – ongeag sosiale status, ouderdom of vermoëns (die gedagte is by baie van die profete, bv Joël, Esegel, Jeremia en Jesaja)
- Dan die **vervulling**. Die Gees word uitgestort. Petrus maak die groot aankondiging op Pinksterdag dat die radikale nuwe gemeenskap waarvoor Joël gepraat het nou 'n realiteit geword het! En ons is deel daarvan. (Hand 2:17-21)

Die Dag van die Here

- Die Dag van die Here kan blykbaar behalwe "verskriklik" ook "verruklik" wees. Joël noem dit 'n "vreeslike dag". Petrus noem dit 'n "groot en glorieryke dag". Dit klink teenstrydig maar miskien is die rede dat opbou ook afbreek veronderstel. Om te "leer" veronderstel ook om "af te leer". Groei veronderstel ook pyn. Lig veronderstel skaduwee. Ons kan dit seker ook die essensie van God se "oordeel"

noem – wanneer afgebreek moet word wat nie by die Koninkryk van God pas nie. Mens dink aan die beeldhouer wat vir sy vriend gesê het dis eintlik maklik om die beeld te van die perd maak, jy "kap net alles weg wat nie perd is nie".

Drome

As ons drome fliëks sou word, sou dit nooit geld maak nie. Die storielyn werk nooit lekker nie. Byvoorbeeld: *Jy is in die Spar, maar eintlik is dit ook die Nuweland stadion, en jy doen inkopies saam met jou Sub A juffrou, tot sy Jacob Zuma word. En dan vang julle twee 'n vis daar in die gang waar die Rice Crispies is. Dan probeer jy weghardloop, want Steve Hofmeyr jaag jou, maar jou bene wil nie beweeg nie. En jy het natuurlik nie al jou klere aan nie.*

Navorsers sê drome is ons "verwerkers". Dit wat gebeur het word in ons slaap en ons drome gestoor en geïnterpreteer op maniere waarvan ons nog min verstaan. Neuroloë spekuleer dat drome die brein se manier is om van oormaat data ontslae te raak ("we dream to forget"), belangrike inligting vanuit die korttermyn na die langtermyn geheue te konsolideer, alles om ons beter voor te berei om gevaar te kan uitken en daarop te reageer. In 'n sin is baie drome ook noodoefeninge – 'n manier om situasies te verbeel sodat wanneer jy dit ervaar, jy daarvoor voorbereid is. Nagmerries oor daardie toets wat jy jare gelede al deurgekomp het, kan 'n plaasvervanger wees vir die aanbieding wat jy môre moet doen. Om jou tande te verloor (verbasend baie mense droom dit), kan gaan oor die verkeerde ding op die verkeerde tyd sê. Of die verlies van liggaamskragte en die ouderdom. Drome kan ook probleemoplossing fasiliteer. Mense wat 'n doolhof probleem moes oplos het 'n 90 minute breek gekry. Die wat 'n slapie gevat het en gedroom het oor die doolhof het na die tyd 10 keer beter as ander gevaar. Soms is ook net 'n aanduiding van jou wense. Drome oor vlieg, mag byvoorbeeld 'n verlange na vryheid tot uitdrukking bring. Hoe ook al, slaap sou maar vervelig sonder drome gewees het!

God-Vervuldes

- Mense wat God leer raaksien het deur na Hom te vra in pyn én oorvloed, is mense wat deur sy Gees profete word. 'n Profete doen "forth-telling" en nie soseer "fore-telling" nie – dis nie toekomsvoorspelling nie. Dis om die regte woord of daad op die regte tyd en op die regte manier te kan sê of doen in die Naam van die Here.
- As jy ouer is sal jy drome droom – jy sal hoopgevuld kan lewe. Want soos ons ouer raak kan ons maar bra sinies word. Jammer vir onself. Nostalgies dat niks ooit weer so goed soos in die verlede sal wees nie.
- As jy jonger is sal jy visioene sien – jy sal gefokus wees anderkant die hier-en-nou en flitsende ligte en skerms. Jy sal met "X-straal oë" anderkant die oppervlakkige kan sien en passie hê vir God en sy wêreld.
- Die Gees se drome kan soms ook maar absurd en on-logies klink, maar dis teologies. Dis waar ons verwerk, oefen, verlang, weggooi wat onbelangrik is en leer hoe om te lewe.
- Almal wat so deur die Gees gelei word, sal die Koninkryk sien en alles afbreek wat nie daarby pas nie. En dan sal elke dag die groot en glorieryke Dag van die Here wees.

Nadink en saamgesels in kleingroepe

- As God sy Gees uitstort, sê Joël én Petrus, doen Hy dit nou oor jonk en oud, van enige stand of agtergrond. In watter mate glo jy dit oor jouself?
- Is jy ouer, of jonger, of in die middeljare? Wat sê Joël beteken die leiding van sy Gees in jou geval?
- Hoe lyk 'n glorieryke dag van die Here vir jou? Wat moet gebreek word om daar te kom?